56

wenke vir kategese-byeenkomste

56 WENKE
vir kategesebyeenkomste

Ontvang 56 vinnige wenke vir werk met kinders.

Die wenke sal jou help om jou groep te laat tuiskom in jou byeenkomste en van die eerste dag af sinvol besig te wees met wat hulle ontdek terwyl julle bymekaar is.

Dr. Nico Simpson
Hoof van publikasies: Jeugfokus

WATTER KATEGESEREEKS SAL DIE BESTE WEES VIR JOU GEMEENTE?

KENNIS-KATEGESE

Hierdie hulpmiddels help jou om Bybelkennis aan die kinders en jongmense oor te dra en hulle in hulle geloof te onderrig.
Elke graad het ’n doenboek vir die kinders of ’n gespreksgids vir die jongmense en ’n aanbiedersgids vir jou.

KEUSE-KATEGESE

Hierdie reeks hulpmiddels help jou om die kinders en jongmense te lei om op ’n interaktiewe manier self meer oor God en hulle geloof te ontdek.
Die deelnemersgidse bevat ’n wye reeks saamdoen- en ontdekkingsaktiwiteite.

TEMA-KATEGESE

Hierdie kort kursusse help jou om oor spesifieke onderwerpe of temas kategese te hou.
Daar is 10 ontmoetings per onderwerp wat geskik is vir ’n kwartaal.
Ons voorsien ’n gids vir deelnemers en begeleiding vir aanbieders.

56 WENKE

vir kategesebyeenkomste

Die deelnemers in jou kategesegroep sal feitlik onmiddellik besluit of die byeenkomste vir hulle werk of nie – sommige sommer die eerste dag reeds. Hoe kan jy hulle help om lief te raak vir die byeenkomste, die inhoud, die kategeet en hulle mededeelnemers?

Hier is ’n lys van 56 dinge wat jy kan doen om jou groep van die begin af optimaal te laat funksioneer. Dit is ’n reeks wenke vir kategete wat op soek is na nuwe maniere om die leeromgewing só in te rig dat geloofsvorming kan plaasvind.

“Ons verduidelik die hele tyd dat die kennis van Christus en van geloof in nie menslike werk is nie, maar geheel en al ’n goddelike geskenk is – hierdie soort leerstelling wat die Seun van God openbaar … word geopenbaar deur God, eers van buite deur die Woord en dan aan die binnekant deur die Gees.”

MARTIN LUTHER

GELOOFSVORMING

Geloofsvorming is ’n doelbewuste proses waardeur gelowiges begelei word om in hulle verhouding met God te groei. Dit is die ontwikkeling van gelowiges se verstaan van wat hulle met hulle lewe doen vanuit wie hulle in Christus is.

Geloofsvorming gaan altyd van God af uit. God neem die inisiatief en skenk geloof. God gebruik mense (ouers en alle ander gelowiges) as medereisigers om die nuwe reisigers (jongmense) op hierdie weg te begelei.

Geloofsvorming is eintlik ons deelname aan God se werk van genade in ons lewe.

Kategese is die formele ruimte wat die kerk gebruik om geloof te ontwikkel, te ondersteun en te begelei tot ’n omvattende lewe van dissipelskap. Dit word gedoen ter ondersteuning van die huisgeloof.

Soos by die huis is vereenselwiging, modellering en navolging ook hier van die uiterste belang.

KATEGESE

Deelnemers het die behoefte

- om onmiddellik tuis te kom in die nuwe groep
- om iets nuuts te leer
- om tot nuwe insigte uitgedaag te word
- om ondersteun te word om in hulle geloof te groei
- om aktief betrokke te wees by wat hulle leer
- om deel van die groep te voel

HOOFSTUK 1

Om onmiddellik tuis te kom in die nuwe groep

#1

Begin onmiddellik

Berei goed voor vir die eerste byeenkoms. Deelnemers hou daarvan as daar reeds die eerste dag nuwe en opwindende interaksie plaasvind. Vermy die versoeking om dit net ’n “registrasiedag” te maak.

#2

Stel jouself bekend

Stel jouself aan die deelnemers bekend. Maak tyd om vir hulle te vertel wie jy is en waarom jy daar is. Ontsluit dinge oor jouself, maar hou dit gepas vir hulle ouderdom.

#3

Gee die groter prent

Vertel vir die groep van julle leerinhoud-raamwerk vir die volgende jaar. Doen dit met ’n prentjie-plakkaat of diagram. Maak hulle opgewonde oor die groter prent van alles wat julle in die jaar saam gaan ontdek.

#4

Gee ’n uitdaging

Gee reeds op die eerste dag vir hulle ’n uitdaging waaroor hulle by die volgende byeenkoms terugvoering kan gee. Dalk kan hulle selfs iets saambring na die volgende byeenkoms.

#5

Laat hulle beweeg

Dink aan iets prakties wat julle tydens die eerste byeenkoms kan doen. Laat die deelnemers rondbeweeg, opstaan, sitplekke rondskuif vir ’n aktiwiteit of buite rondloop (indien moontlik).

#6

Stel waardes vas

Gesels met hulle oor wat goeie deelname in ’n groep beteken. Hoe gaan julle met mekaar praat? Dalk kan julle ’n lys waardes vir julle as groep opstel.

#7

Laat hulle na iets mik

Stel ’n dissipelskap-profiel op uit die leerinhoud van die jaar. Die deelnemers kan dit dan gebruik as ’n spieël terwyl hulle in hulle geloof groei.

#8

Maak ’n bronne-tas

Bring bronne saam vir die deelnemers. Watter boeke, speletjies of hulpmiddels kan jy vir hulle beskikbaar stel om hulle tydens hulle geloofsreis te ondersteun? Dalk kan jy ’n tas pak met kryte, papier, bordspeletjies en boeke.

#9

Verwagtings vir die week

Gesels met die deelnemers oor watter verwagtings jy van hulle het in die week tussen die byeenkomste. Wat kan hulle alleen doen, en hoe kan hulle mekaar ondersteun?

BYBELMEDIA.ORG.ZA • • •

#10

Grondreëls vir afwesigheid

Lê ’n paar grondreëls neer oor wat jy van hulle verwag as hulle nie daar kan wees nie. Gee jou kontakbesonderhede sodat hulle jou voor die tyd kan laat weet as hulle nie by ’n byeenkoms kan wees nie. Sê ook wanneer jy beskikbaar is en hoe hulle jou verkieslik moet kontak.

#11

Elke keer iemand anders

Kies elke week ’n ander deelnemer om nouer kontak mee te maak. Bring tyd saam deur en leer ken jou groeplede beter.

#12

Ontdek wat aangaan

Vra die deelnemers om neer te skryf watter belangrike dinge op hierdie oomblik in hulle lewe aan die gang is. Hanteer dit vertroulik en met respek.

BYBELMEDIA.ORG.ZA • • •

HOOFSTUK 2

Om iets nuuts te leer

#13

Rig hulle aandag

Onthou, dit is jou verantwoordelikheid om deelnemers se aandag te rig. Groet hulle by die deur wanneer hulle inkom en begin die byeenkoms betyds.

#14

Begin met ’n oop gesprek

Begin met ’n “oop gesprek” oor die dag se tema voordat julle met die byeenkoms begin.

#15

Begin met spel

Begin die byeenkoms met ’n legkaart, vraag, teenstelling, prent of spotprent om op die dag se onderwerp of Bybelteks te fokus.

BYBELMEDIA.ORG.ZA • • •

#16

Kry vrae op die tafel

Vra die deelnemers aan die begin van die byeenkoms of hulle enige vrae en/of bekommernisse het. Skryf dit op 'n plakkaat neer. Probeer om tydens die byeenkoms daarna terug te keer.

#17

Kwessies of kernpunte

Laat die deelnemers neerskryf wat hulle dink die belangrike kwessies of kernpunte van die dag se tema of Bybelteks sal wees.

#18

Sluit aan by nuusgebeure

Vra die deelnemers van watter nuusgebeure hulle bewus is en hoe dit aansluit by waaroor julle gaan gesels.

BYBELMEDIA.ORG.ZA • • •

HOOFSTUK 3

Om tot nuwe insigte uitgedaag te word

#19

Verwagtings vir groei



Laat die deelnemers neerskryf wat hulle verwagtings van die byeenkomste is en hoe hulle deur die jaar wil groei.

#20

Wissel aanbiedingsmetodes

Gebruik ’n verskeidenheid aanbiedingsmetodes tydens die byeenkomste. Afwisseling verhoog die kans dat die deelnemers betrokke gaan bly en gaan leer.

#21

Gebruik afwisseling

Gee ’n soort “bene rek”-oomblik in die middel van die byeenkoms. Vertel ’n storie, verwys na nuus-gebeure of gebruik ’n nuwe soort media.

BYBELMEDIA.ORG.ZA • • •

#22
Gebruik ander bronne

Gebruik ander bronne om die tema of Bybelteks te belig: toneelstukke, konserte, tydskrifte of die buitelug.

#23
Kies ’n fliek

Wys ’n kort uittreksel uit ’n fliek. Gee tyd dat die groep daaroor gesels. Jy kan selfs ’n kritiekblad of gespreksvrae daaroor uitdeel.

#24
Vorm ’n deelnemerspaneel

Vorm ’n deelnemerspaneel om alternatiewe sienings van dieselfde konsep of tema aan te bied.

BYBELMEDIA.ORG.ZA • • •

#25

Beweeg in die lokaal

Gebruik die verander-jou-gedagte-debat, waar deelnemers na verskillende dele van die lokaal kan beweeg om ’n verandering in hulle menings tydens die bespreking te weerspieël.

#26

Laat voorkeure wys

Gebruik “bewegingsopnames” deur deelnemers na verskillende dele van die lokaal te laat beweeg op grond van hulle voorkeure, opinies, emosies, en so meer.

#27

Gebruik rollespel

Doen ’n rollespel om ’n punt oor te dra, ’n tema te verduidelik of probleme op te los.

#28

Nooi perspektiewe in

Laat die deelnemers die rol van iemand met ’n spesifieke perspektief speel: filosoof, kritikus, navorser, teoloog, kunstenaar of dromer.

#29

Hou ’n dinkskrum

Hou dinkskrumsessies om die deelnemers se horisonne uit te brei.

#30

Vergelyk sienings

Gee aan die deelnemers twee gedeeltes met alternatiewe sienings van dieselfde tema sodat hulle dit kan vergelyk.

BYBELMEDIA.ORG.ZA • • •

HOOFSTUK 4

Om ondersteun te word om in hulle geloof te groei

#31

Doen ’n reis-les

Beplan ’n “reis-les” waar julle rondbeweeg tussen plekke en mense en waar die deelnemers die opwinding van ontdekking kan ervaar.

#32

Kontak afwesiges

Maak kontak met deelnemers wat afwesig is. Bel of skryf ’n persoonlike boodskap.

#33

Evalueer voorkennis

Evalueer die deelnemers se voorkennis deur ’n vraelys of kennistoets te gebruik. Gee sou gou moontlik vir hulle terugvoering.

BYBELMEDIA.ORG.ZA • • •

#34
Lei met vrae

Gebruik die vrae en gespreksaanhalings in die deelnemergidse om gesprek te stimuleer.

#35
Herhaal kerninhoud

Wees oordadig. Die deelnemers moet die kerninhoud minstens drie keer hoor, lees of sien.

#36
Opsommende vasvra

Laat die deelnemers wys wat met hulle gebeur het. Hou ’n opsommende vasvra aan die einde van die byeenkoms, vra dat hulle iets oor die dag se gesprekke neerskryf of lei ’n gesprek daaroor.

BYBELMEDIA.ORG.ZA • • •

#37

Beloon gedrag

Beloon gedrag wat die groep help deur lof, ’n ererol, deur dankie te sê, persoonlike notas te skryf, en so meer.

#38

Gee struktuur aan byeenkoms

Organiseer die byeenkoms. Gee sigbare struktuur deur die byeenkoms se “spyskaart” neer te skryf. Gee ook ’n lys van die datums van alle belangrike byeenkomste.

#39

Wissel media

Gebruik verskeie soorte media: prente, grepe uit flieks, klankgrepe, modelle en voorbeeldmateriaal.

#40

Leer hulle ken

Gesels voor of ná die byeenkoms met die deelnemers en sluit aan by hulle gesprekke tydens byeenkomste.

#41

Ontdek hulle naskoolse programme

Onderbreek die byeenkoms om meer oor die deelnemers uit te vind, soos waarmee hulle hulle ná skool besig hou.

HOOFSTUK 5

Om aktief betrokke te wees by wat hulle leer

#42

Laat hulle nadink

Laat die deelnemers iets neerskryf oor hulle lewe of ’n joernaal hou waarin hulle nadink oor hulle lewe.

#43

Ontgin antwoorde

Nooi die deelnemers om vrae te vra. Ontgin saam moontlike antwoorde.

#44

Skep leerselle

Verdeel die deelnemers in pare of “leerselle” en vra hulle om na te dink oor ’n Bybelteks of tema. Laat hulle hulle menings oor die onderwerp gee.

BYBELMEDIA.ORG.ZA • • •

#45

Gebruik stem-kaarte

Gee aan die deelnemers rooi, geel en groen kaarte en doen gereeld ’n opname oor ’n bepaalde saak deur hulle te laat “stem” deur ’n spesifieke kaart te wys. BB

#46

Maak ’n voorstelboks

Sit ’n voorstelboks agter in die lokaal neer. Moedig deelnemers aan om skriftelik opmerkings te maak elke keer as die groep bymekaargekom het.

#47

Werk in taakgroepe

Groepeer verskeie deelnemers saam om saam aan ’n uitdaging te werk. Gebruik taakgroepe en vra hulle om aan ’n voorlegging te werk.

BYBELMEDIA.ORG.ZA • • •

#48

Hou ’n groepvasvra



Hou ’n groepvasvra om die aspekte van ’n tema te ontgin.

#49

Nooi ’n kenner

Laat die deelnemers vrae op kaartjies neerskryf en nooi ’n kenner om met die volgende byeenkoms met hulle oor hulle vrae te kom praat.

#50

Bring in verband

Moedig die deelnemers aan om berigte of artikels oor huidige nuusgebeur saam te bring wat verband hou met die onderwerp of tema waaroor julle gesels het.

HOOFSTUK 6

Om deel van die groep te voel

#51

Leer ken mekaar se name

Leer die deelnemers se name ken. Help hulle om ook mekaar se name te leer ken. Neem foto's van die deelnemers en plak dit in die lokaal op.

#52

Ontwikkel 'n buddy-stelsel

Ontwikkel 'n buddy-stelsel sodat die deelnemers met mekaar kontak kan behou en mekaar kan ondersteun.

#53

Skryf vrae neer

Vind meer uit oor die deelnemers deur aan hulle vrae op kaartjies uit te deel wat hulle dan kan antwoord.

BYBELMEDIA.ORG.ZA • • •

#54

Vorm groepe van drie

Laat die deelnemers groepe van drie vorm wat mekaar kan help leer en groei.

#55

Doen ’n spanprojek

Dink ’n spanprojek vir elke kwartaal uit.

#56

Kry voorstelle vir gassprekers

Laat die deelnemers voorstelle gee vir gassprekers oor die temas waaroor julle gesels.

SLOT

Groei en ontwikkel

Selfs met die beste leerinhoud tot jou beskikking bly dit jou as kategeet se verantwoordelikheid om ’n veilige omgewing te skep waar deelnemers as volgelinge van Jesus kan groei en ontwikkel.